NHKA
NEDERDUITSCH HERVORMDE KERK VAN AFRIKA

blitspos

Jaargang 16 – Uitgawe 17

25 Mei 2023

# God se Woord is my fakkel…

**Om volwaardig mens te kan wees, is sekuriteit die vertrekpunt. Dit vra aanvaarding, bemoediging, liefde, riglyne en ’n doelwit. Die resultaat is sukses en geluk.**

Ons probeer vir mekaar sekuriteit gee. Vir kleingoed ’n sagte speeding en nagliggie. Verliefdes waardeer foto’s. Sportspanne heg waarde aan ’n gelukbringer. Die volk Israel beleef iets hiervan in die teenwoordigheid van die verbondsark as verteenwoordiger van God. By ons voorouers, die Voortrekkers, vervul die Bybel in die wakis dieselfde rol. Vandag word daagliks WhatsApps van teksverse versprei. Ons ontvang of besit ’n eie Bybel.

Die Bybel as geskenk is altyd spesiaal. Dit gebeur by ’n geboorte, doop, belydenisaflegging, troue, en ander mylpale. Die Bybelgenootskap skenk jaarliks Bybels aan graad 7-leerders. Tydens diensplig is ’n nuweling naas klere en toerusting ook “toegerus” met ’n Sakbybel. Talle getuienisse bestaan van Sakbybels wat letterlik ’n soldaat se lewe gered het teen ’n koeël. In gastehuise, hotelle en hospitale verwelkom ’n Bybel op die bedkassie dikwels gaste en pasiënte.

Suid-Afrika het 11 amptelike tale, en in Mei vanjaar is ’n 12de – Gebaretaal – bygevoeg. Hoe bevoorreg is ons dat daar reeds Bybels bestaan in al 12 tale. As Afrikaners is ons bevoorreg om in 2023 fees te vier omdat ons reeds vir 90 jaar ’n Bybelvertaling in Afrikaans het – trouens, ons derde vertaling benewens die Bybel vir Dowes (1933, 1983, 2020).

In die 1960’s en 1970’s is kinders in die NHKA in die Sondagskool toegerus met die boeke *Laat my lammers wei*, *Kortbegrip* en *Geloofsleer*. Die hooffokus was suiwer Bybelkennis en geloofskennis. Om Bybelverse uit jou kop te leer, was die kruks van elke les. Van hierdie teksverse bly ’n mens lewenslank by. Op my eie lewensreis van 60 jaar kom die volgende woorde nog gereeld by my op:

*Heer, u woord is vir my ’n fakkel wat sy ligglans voor my dra,*
*voor my voet die duisternisse van my lewenspad verja.*
*’t Het gesweer, deur u ontferming dit bevestig, dat ek my,*
*van ’n wêreldnag omgewe, deur dié ligglans wil laat lei.*
(Ps 119:39, *Die Berymde Psalms*, 1965)

Ware woorde, die werklikheid van doelgerig en sinvol leef. My lewe lank ook my eie belewenis en sekuriteit. My krag, inspirasie en troos.

In die Bybel leer ons: Vader, Jesus, Heilige Gees, die wil van God, verlore toestand van die mens as gevolg van sonde, pad na redding, oordeel van sondaars, geluk van gelowiges, en ewige lewe. Oor die Bybel kan ons getuig: Die leerstellings is heilig, voorskrifte verpligtend, geskiedenis waar en beslissings onveranderlik. God se Woord word deur sy kinders beleef as die lig om ons te lei, voedsel wat onderhou, water wat verkwik, troos wat opbeur, krag vir elke dag, en die hart van sy liefde.

Ek het gelees van ’n jongman wat besig was om sy tas te pak vir ’n lang wêreldreis. Daar was ’n klein spasie oop. Vir sy vriend wat staan en toekyk, sê hy: *Aha. Hier het ek nog genoeg plek vir ’n padkaart, kompas, lamp, spieël, swaard, teleskoop, digbundel, paar biografieë, ou briewe, liedereboek en ’n klein biblioteek met 66 boeke.* Sy vriend sê: *Onmoontlik. Waar gaan jy dit alles inpas in daardie spasietjie?* Hy antwoord: *Dis maklik, want my Bybel bevat al hierdie dinge.*

Ons kyk terug en is dankbaar vir vertalers, teoloë, proeflesers, drukkers, vervoerders, verspreiders, ondersteuners en lesers. Almal instrumente in God se hand. Ons kyk om ons en besef hóé bevoorreg ons is om deur God geseën te wees met sy Woord. Dankbaar dat ons ’n keuse het tussen drie amptelike Bybelvertalings in ons moedertaal. Ons wil ook uitreik na ongelowiges en loues.

Ons kyk vorentoe en gaan die toekoms tegemoet met sy lig, kompas, voedsel, swaard en skatkis, en wil dit met almal deel terwyl ons almal onder leiding van die Gees op pad is na sy hemel. *Soli Deo gloria!*

**Ds Johan Bezuidenhout, Emeritus**
**NHKA ambassadeur van die Bybelgenootskap van Suid-Afrika**

Om *Blitspos* te ontvang, stuur ’n e-pos na bladuitleg@nhk.co.za of grafies@nhk.co.za en versoek dat u naam op die versendingslys geplaas word


Nuus, berigte en kort kommentaar (uiters 100 woorde) aan produksie@nhk.co.za

Webblad van die Hervormde Kerk www.nhka.org

Die redaksie aanvaar verantwoordelikheid vir die inhoud. Menings deur skrywers uitgespreek, is egter nie noodwendig die beleid of standpunt van die Hervormde Kerk nie.

## Lief en leed

- Ons is dankbaar om te verneem dat **prof IWC (Natie) van Wyk** uit die hospitaal ontslaan is en tuis aansterk, en dat **ds TH (Theo) Janse van Nieuwenhuizen** ook goed vorder. Albei spreek groot waardering uit vir die goeie wense en voorbidding wat hulle ontvang het. Ons bid hulle albei baie sterkte en steeds groter beterskap toe.


Prof Johan Buitendag

- Ons het in die uitgawe van 20 April 2023 berig dat die **CLF-Elise Tempelhoff-toekenning vir omgewingsbewaring en -geregtigheid** gemaak is aan **prof Johan Buitendag**. **Dr JP (Kobus) Labuschagne** skryf soos volg: "Dit is goed dat daar kundige instansies is wat verdienstelike navorsing raaksien en onder ons aandag bring met toekennings wat gemaak word aan navorsers. So het ons met groot waardering kennis geneem van die waardevolle werk wat prof Johan Buitendag gelewer het: *In die kategorie vir persone of instansies wat deurentyd of oor 'n leeftyd heen 'n besondere bydrae gelewer het tot omgewingsbewaring en omgewingsgeregtigheid, het die Christelike Lektuurfonds (CLF) by die oorkoepelende Andrew Murray-prysfonds aanbeveel dat die CLF-Elise Tempelhoff-toekenning vir 2023 gemaak word aan prof Johan Buitendag.* Hierdie toekenning vind plaas op **26 Mei 2023** in Kaapstad. Ons gelukwensing gaan aan prof Johan Buitendag, met groot erkenning en waardering vir sy kundigheid. Mag hy steeds die krag ontvang tot voortgaande navorsing."

- **Die volgende predikante verjaar tot 2 Junie, en word hartlik geluk gewens:**
  - Donderdag 25 Mei: Di RP (Rudi) Botha (69) (emeritus/Wesmoot),<br>JJC (Johan) Koekemoer (62) (Marble Hall) en<br>DJD (Danie) Taljard (58) (Sionshoogte)
  - Vrydag 26 Mei: Ds J (Jackie) Dippenaar (46) (nie-diensdoende)
  - Saterdag 27 Mei: Dr PL (Piet) Steenkamp (71) (emeritus/Glencoe)
  - Sondag 28 Mei: Ds PA (Paul) van Jaarsveld (32) (Wapadrant)
  - Maandag 29 Mei: Ds P (Paula) Eksteen (47) (buiteland)

## Gemeentes en bediening


Dr Gerhard Lindeque


- **Dr GC (Gerhard) Lindeque** van Makarios (deeltyds) het 'n beroep ontvang na Kempten (deeltyds).

- **Ds PR (Rudi) Janse van Rensburg** van Weltevreden het die beroep na Swellendam aanvaar. Hy word op 9 Julie 2023 daar bevestig.

- Enige saak wat volgens die Kerkorde onder die aandag van die **Kommissie van die AKV** gebring moet word, moet mev Karen Breedt (**karen@nhk.co.za**) asseblief **teen 29 Mei** bereik **vir 8 en 9 Junie** se Kommissievergadering. **Geen laat sake** sal in die agenda opgeneem word nie.


Ds Rudi Janse van Rensburg

- **Gemeente Sasolburg-Suid** se **laaste erediens in Groblerstraat 19** vind plaas op **28 Mei 2023**. Die gemeente is in die proses om 'n samewerkings- of samesmeltingsooreenkoms met Sasolburg en Vaalpark op te trek, maar op die laaste gemeentevergadering is besluit dat Sasolburg-Suid sal oorskuif om gesamentlike eredienste te hou in Sasolburg se kerkgebou op die hoek van Eric Louw- en Christiaan de Wetweg. Dit bly dus vir nou drie gemeentes, wat gaan saamwerk totdat hulle saamsmelt. Alle oudlidmate en huidige lidmate word uitgenooi na die laaste erediens in Groblerstraat – Nagmaal sal bedien word, en 'n ete na die erediens. RSVP asseblief **voor of op 25 Mei 2023** by Riana (083 798 0809) of Joy (083 565 7120) indien u die diens gaan bywoon.



- Die **uitvoerende bestuur van die WGGK** (World Communion of Reformed Churches) het van **20 tot 24 Mei 2023 in Kempton Park** vergader. Die Suid-Afrikaanse lidkerke van die WGGK – die NGK, NHKA, Uniting Presbyterian Church in Southern Africa, Uniting Reformed Church in SA, die Lesotho Evangelical Church of Southern Africa, en die MRCC – tree as gashere op vir die

vergadering. Die uitvoerende bestuur van die WGGK bestaan uit ongeveer 40 persone van gereformeerde kerke oral in die wêreld wat op die vorige algemene vergadering in Leipzig (2017) verkies is. Dit is die eerste keer dat die uitvoerende bestuur in Suid-Afrika byeenkom, en die eerste keer in drie jaar sedert die Covid-19-pandemie dat hulle in persoon kan vergader. Die tema van die vergadering was *Covenanting in God's mission*. **Op die foto** is prof Wim Dreyer saam met ds Najla Kassab, president van die WGGK. Volledige inligting oor die vergadering is beskikbaar by **http://wcrc.ch/excom2023**.

- **Gemeente Philadelphia** het 'n vakature vir 'n **terreinbestuurder**. Die pos is vanaf 1 Junie 2023 beskikbaar. Belangstellendes kan 'n e-pos stuur aan dr Sanrie de Beer by **nhkphiladelphia@gmail.com**.

- **Gemeente Naboomspruit: Vakante pos vir voltydse orrelis.** Belangstellendes kan hul CV stuur na **nedhervkerknbs@gmail.com** of Marlene kontak by 014 743 1325 tydens kantoorure (08:00-13:00). Die voordele sal met die kandidate bespreek word. Die kerkgebou is op die hoek van Vyfdelaan en Nelson Mandelarylaan in Naboomspruit.

- Wil jy help om ons Kerk se geskiedenis te bewaar? Die **SP Engelbrecht-museum en Gemeente Wonderboompoort** (waar die Museum in 'n 1905-kerkie geleë is) benodig finansiële ondersteuning vir die **Kerkmuseum se verf**. 'n Skenking aan hierdie liefdadigheidsprojek is belastingaftrekbaar. Kontak ds Carel Johann de Bruin by **careljohann@gmail.com** of 082 733 3951 indien jy kan help, of gebruik hierdie bankbesonderhede: NHK Wonderboompoort Absa tjekrekening 630580048, verwysing: Verf Museum. Stuur kennisgewing aan ds De Bruin. Besoek gerus op Facebook die blad SP Engelbrecht Museum. **Met dank erken ons die volgende skenkings** wat reeds ontvang is: Teologiese student Peet Bloem R500; Louis Erasmus R500; dr Bobby Erasmus R500; Vivia Seidl R500; Afriforum R10 000; en die NHSV Hoofbestuur R10 000. Ons kort nog R18 000.



- Ds Carel Johann de Bruin by die **SP Engelbrecht-museum** is op soek na 'n **vrywillige helper** om soggens of in die namiddag binne-in uitstalkaste te help skoonmaak. Dis delikate werk, en die persoon moet verkieslik iemand wees wat 'n passie het vir geskiedkundige voorwerpe. Kontak ds De Bruin 082 733 3951.

## Vergaderings

- Donderdag 25 Mei: Pensioenraad<br>Rata Finkom en 2022-'23 finansiële state
- Vrydag 26 Mei: Raad van Finansies
- Saterdag 27 Mei: ADV Kommissie

## Bybelgenootskap

DIE BYBEL IN AFRIKAANS 1933 – 2023 90

Ons vier vanjaar die **90ste herdenking van die Bybel in Afrikaans**. Die eerste Afrikaanse Bybel is in 1933 gepubliseer. *Op 29 Mei 1933 seil die Carnarvon Castle die Tafelbaai binne met die eerste besending van 10 000 eksemplare van die Afrikaanse Bybel aan boord. Hierdie eerste volledige Afrikaanse Bybel is op Sondag 27 Augustus 1933 landswyd feestelik in gebruik geneem* (Bybelgenootskap van Suid-Afrika. Genade in Oorvloed, 1994). Sedertdien het daar nog drie vertalings van die Bybel in Afrikaans die lig gesien – die 1983-vertaling, die Bybel vir Dowes/Bybel vir Almal, en die 2020-vertaling. Hierdie Bybels is ook in verskillende formate soos druk, braille, oudio en digitaal beskikbaar. Die verskyning van die Bybel in Afrikaans het grootliks tot die ontwikkeling van Afrikaans as taal bygedra, maar nog meer belangrik, tot die geloofsvorming van baie Afrikaanssprekendes.

Die BSA bied tans die jongste Afrikaanse Bybel, die 2020-vertaling in die medium swart hardebandweergawe, teen die **spesiale prys van R79 (normaalweg R159)** aan. Hulle maak ook hulpmiddels soos preeksketse, liturgiese riglyne en inligtingsmateriaal beskikbaar vir gebruik tydens dankfeeste.

Kerke en organisasies kan oorweeg om deur die loop van die jaar fondsinsamelingsprojekte te

loods ter viering van die Bybel in Afrikaans. Fondse wat so vir die BSA gegenereer word, sal help verseker dat toekomstige geslagte steeds die Bybel in Afrikaans kan geniet.

Die BSA bedank elke kerk, kultuurorganisasie, skool, besigheid en individu wat getrou, oor baie jare, dit moontlik gemaak het dat ons naas al die ander tale van ons land steeds die Bybel in Afrikaans beskikbaar kan stel.

## Kerklike en ander publikasies




- Lees die sesde uitgawe van die **gratis publikasie *Lalasini*** by **https://lalasini.co.za/om/#p=1**. In sy redaksionele berig herinner **dr Piet van Staden** (emeritus/Worcester) die lesers dat seisoene verbygaan en dat hoop ingebou is in die reëlmaat van die siklus. Daarom fokus *Lalasini* se artikels op die positiewe – sinvolle lewens, opbouende aktiwiteite en die uitbrei van ons horisonne. Lees ook oor Hartbeespoort, Hentiesbaai, Seweweekspoort, selfsorg, vertroostende wintergeregte, en vele meer. Vorige uitgawes kan hier gelees word: **Lalasini - Archive**.

## ’n Gedig

**Naghemel**

God se sinkdak is vol skroefgate
waardeur die sterlig drup:

beangs soek ons betekenis
en sisteem in die groot werwel-
storm van lig en duisternis
wat ver buite ons gesigsveld
oorverdowend voortwoed

soms word ons wel gegun
’n druppel van begrip

**Daniel Hugo**
(Uit: *Die mooiste Afrikaanse Christelike gedigte*, 2017,
saamgestel deur Cas Vos)

## Toerusting


- **Prof Stephan de Beer**, direkteur van die Sentrum vir Geloof en Gemeenskap aan die Universiteit van Pretoria, help gemeenteleiers om hul direkte omgewing beter te verstaan. Hoe slaag gemeentes van die NHKA daarin om die omgewing waarin hulle hulself bevind, beter te verstaan en die bediening van die evangelie meer relevant tot uitvoering te bring? Stephan se aanbieding **op Maandag 29 Mei 2023 van 18:00 tot 19:30** is gerig op **predikante, ouderlinge en gemeenteleiers** en het ten doel om ons met die oog op bogenoemde toe te rus. Hoe lyk jul gemeenskap? Hoe is jul gemeenskap saamgestel en wie is die mense? Waarmee is die mense besig? Is daar enige interaksie tussen die plaaslike gemeente en die gemeenskap? Is daar enigiets wat ons vir mekaar kan beteken?

  Die Zoomskakel is soos volg:

  **https://us02web.zoom.us/j/9427689935?pwd=d3d3K1N1cDU0a1pIZCtjSS9ZSFY4dz09**
  ID: 942 768 9935
  Wagwoord: SGB

- Ouderlinge kan gerus die **Hervormde Teologiese Kollege (HTK) se webtuiste** besoek.

Gaan na **https://hervormdeteologie.co.za/ouderlinge/** vir inligting oor **gevorderde toerusting vir ouderlinge**. Tans verskyn daar reeds Module 1 – Die fasilitering van 'n erediens, met daaronder: Die saamstel van 'n liturgie vir die erediens, deur ds Hannes van der Merwe op 15 Mei 2023. Subtitel: Hoe dink die NHKA oor die saamstel van 'n liturgie vir die erediens.




- Die tema van dr Gerhard Nel se aanbieding **Maandagaand 29 Mei 2023 vanaf 20:00** as deel van die gevorderde toerusting vir ouderlinge is: *Hoe berei predikante preke voor?* Ons kyk na die gebruiklike stappe wat 'n predikant volg vandat hy/sy die teks oopmaak totdat hulle op die kansel staan. Ouderlinge wat die aanbieding bywoon, word versoek om hul Bybels sowel as dr Nel se opsomming van sy lesing byderhand te hou wanneer hulle inskakel. Vind laasgenoemde by **http://hervormdeteologie.co.za/wp-content/uploads/2023/05/Hoe-berei-predikante-preke-voor.docx**.

- Die jaarlikse internasionale byeenkoms van die **Society of Biblical Literature (SBL)** vind van **3 tot 7 Julie 2023** plaas by die **Universiteit van Pretoria**. Die SBL Internasionale Vergadering vind jaarliks buite Noord-Amerika plaas. Gaan na **https://www.sbl-site.org/meetings/Internationalmeeting.aspx** of **https://www.sbl-site.org/meetings/Congresses_ProgramBook.aspx?MeetingId=42** vir meer inligting en om te registreer.

## Allegaartjie

"Wie maak per slot van rekening die taal? Ek is Afrikaans. Jy is Afrikaans. Ons werk in en met Afrikaans. Hoekom mág ons nie, af en toe, vir die stortvloed Engels wat daagliks op ons afkom, Afrikaanse ekwivalente help bedink nie. Ons ís makers van taal, saam met almal anders. En hoe meer 'n mens oefen, jou byltjie slyp, hoe beter raak jy daarmee." (Jana Luther, in *Beeld* 19 Mei 2023)




## 49ste Nasionale NHSV Kongres
## 23 tot 25 Junie 2023

**Tema:** Lééf die liefde – *Laat julle lig so voor die mense skyn...* (Matteus 5: 16, AFR1983)

**Openingsaand: Vrydag 23 Junie 2023, Gemeente Montana, Pretoria**

**Oordenking** gelei deur prof Wim Dreyer, erepresident van die NHSV
**Orrelis** Pieter van den Berg en verskeie ander musikante
**Voorsittersrede** mev Mari-lizé Beukes
**Groeteboodskap** – Algemene Kerkvergadering: Prof Wim Dreyer
**Groeteboodskap** – Algemene Diakensvergadering: Diak Wilna Gates

'n **Oorkonde** word ook tydens die openingsaand oorhandig aan die vorige NHSV voorsitter, mev Tessa Oberholzer-Coetzer

**Motiveringsprekers en kunstenaars: NHSV Kongres – Saterdag 24 Junie & Sondag 25 Junie, Batter Boys, Montana, Pretoria**

Lynette Beer – Die mens agter die energieke glimlag!
Sonja Herholdt – Musiek, motivering, inspirasie!
OhYesLet's – Onder leiding van ds Schalk Zastron & kie
Lucia Prinsloo

**Beskrywingspunte**

Beskrywingspunte wat dien tydens die Kongres: (1) *Waarom verlaat die jeug die kerk?* (2) *Ouerbetrokkenheid.* (3) *Geestesgesondheid.* (4) *Ondersteuning aan predikantsvroue en predikanteweduwees*

**Mededelings en ons eie *QUIZ***

Saterdagaand hou ons 'n **vasvra *QUIZ*** in regte Noot-vir-Noot-tradisie oor die NHSV, die Kerk en al die diensorgane, onder leiding van ds Janine Bevolo-Manders.

**Mededelings** word gelewer deur Ons Tuis, ADV, DPS-huise, Rata, SP Engelbrecht-museum, Bybelgenootskap, Eendrachtkring, Interne Oudit, TOIBO, Welstandsprogram van die Sentrum vir Gemeentelike Bediening (SGB), en Skole-ondersteuningsentrum (SOS).

**Kongresoproep en geloofsbrief**

Ons bied **finansiële ondersteuning** aan vir NHSV takke en vrouelidmate wat graag die Kongres wil bywoon – kontak asseblief die NHSV kantoor by 012 325 0117 of stuur 'n e-pos na **admin@nhsv.org.za** met die versoek – ons help graag.

Die Kongresoproep en geloofsbrief is reeds uitgestuur aan alle gemeentes se vrouelidmate en NHSV takke en is beskikbaar by **https://nhsv.org.za/omsendskrywes/**.

Dit beloof om 'n inspirerende geleentheid te wees vir vrouelidmate, waar ons ook die eerste doelstelling van die NHSV nakom, naamlik om vrouelidmate geestelik te verryk, hulle te bemagtig vir hul dienswerk, en onderlinge verbondenheid te bevorder!

## Barmhartigheid

- Die Departement van Maatskaplike Ontwikkeling (DSD) van Gauteng het onlangs bekend gemaak dat hulle in terme van die sogenaamde *Institutional Realignment Project* (IRP) nuwe fokus plaas op TISH (*Townships, Informal Settlements, Hostels*) en dwelmverslawing. Die gevolg daarvan is dat **subsidies aan maatskaplike dienste vanaf Mei 2023 met tot 61% besnoei sou word**. Hoewel die DSD na wye openbare teenkanting hul besluit omgekeer het, is daar streng voorwaardes aan voortgesette subsidies gekoppel. Dit is daarom steeds baie onseker of openbare welsynsorganisasies die subsidies gaan ontvang, en of dit betyds gaan wees sodat die personeel betaal kan word. Die Moderamen het tydens hul vergadering gehou op 12 Mei 2023 die saak oorweeg, en besluit om 'n versoek aan gemeentes en lidmate te rig om vrywillig bydraes aan Rata Maatskaplike Dienste te maak om hulle by te staan terwyl hul kontantvloei tans onder groot druk verkeer. Bydraes kan in die volgende rekening betaal word:

  **Instansie: ABSA**
  **Rekeningnaam**: Rata Maatskaplike Dienste
  **Rekeningnommer**: 002 060 0209
  **Takkode**: 632 005

  Ondertussen versoek die Moderamen gemeentes en lidmate ook om die personeel van Rata Maatskaplike Dienste in u gebede op te dra aan ons Hemelse Vader.

- **Tooi Turkoois vir Bejaardes**
  **15 Mei – 15 Junie**
  **www.goturquoise.co.za**
  **Viering by Voortrekkermonument**
  **Woensdag 31 Mei 2023**
  08:15 vir 09:00-13:00 op die Amfidak
  Toegang: R75 (gratis toegang tot terrein)
  Volkspele, Boeremusiek, ligte verversings, kontantsnoepie
  Besoek aan Monument ingesluit
  Navrae: 072 349 8395 / **admin@helpseniors.org.za**
  **Gemeente Witfontein**
  **Saterdag 3 Junie 2023 10:00-12:00**
  Kom kuier saam met koek en tee/koffie R20 per persoon
  Bespreek by Paula 087 830 0686 / 012 546 5678

- **Belfast Rusoord** bied onder meer 24-uur mediese versorging, CCTV, 24-uur-toegangsbeheer, drie gebalanseerde maaltye per dag, en aktiwiteite vir elkeen. Daar is fasiliteite vir semiversorging, verswakte bejaardes, en woonstelle vir selfversorging. Kontak Riana de Villiers by 013 253 31211 / 063 663 7449 / **manager@belfastrusoord.co.za** vir meer inligting en tariewe.

- **Athalia Uitreik in Bloemfontein** bied verblyf vir en versorging van bejaardes en persone met gestremdhede. Daar is enkel- en deelkamergeriewe in ’n huislike atmosfeer, verblyf met drie etes ingesluit, verblyf sonder versorging, en 24-uur-versorging. Navrae: 079 826 6363 / 084 023 0315 / 051 522 6089 / **navrae@athalia.co.za** / **www.athalia.co.za**.

- **Louis Trichardt-behuisingskompleks vir bejaardes** in Danville, Pretoria, bied kamergeriewe met twee etes per dag teen R3 850 per maand. Vir meer inligting, kontak mev Vicky Muller by 012 386 5310.

- **Ons Tuis (Andries Marié Oosthuizen) in Parys** het plek beskikbaar in die tehuise vir versorging van verswakte bejaardes teen R9 760 per maand. ’n Volledige versorgingsfasiliteit sluit in 24-uur-versorging, drie maaltye per dag en sekuriteit. Behuisingsfasiliteite teen R5 990 per maand is ook beskikbaar op dieselfde perseel; dit sluit drie etes en weeklikse wasgoed en skoonmaak van kamers in asook gratis deelname aan sosiale programme. Vir meer besonderhede, skakel matrone Teresa Broodryk by 056 811 2185.

- **Seniordal-aftreeoord** is die eiendom van die NHKA se **Gemeente Pretoria** en spesialiseer in lewensregverkope en verhuring aan selfversorgende persone ouer as 55 jaar. Die oord is geleë in die veilige omgewing van Rietondale in Pretoria. Seniordal beskik oor 24-uur-veiligheidsdienste en toegangsbeheer, en bestaan uit enkel-, eenslaapkamer-, 1½-slaapkamer- en tweeslaapkamerwoonstelle. Kontak Salomie Stolz by 012 329 4318 / 083 308 0520 vir meer inligting en pryse.

## Fondsinsamelings

- Daar is ’n **geleentheid vir ’n gemeente of individu** om by die nuwe **Centurion Boeremark op Saterdae** pannekoek en/of *jaffles* te verkoop. ’n Stalletjie kos R250 per Saterdag. Deposito R250 eenmalig en sertifikaat van Tshwane vir kosverkope eenmalig R920. Kontak Christo Potgieter by **072 737 3644**.

- **Gemeente Lichtenburg: Oesfees**
  **Saterdag 27 Mei vanaf 08:30**
  Gratis toegang
  **Gaskunstenaar:** Ray Dylan
  **Vir kinders:** Tombola, skyfskiet, reuseglybaan, springkasteel
  **Veiling** met pragstukke: Silwer Krugermunte, skilderye, mampoer, handgemaakte sweep, geraamde getekende Springboktrui van 2008, geraamde Noord-Transvaalvlag, spesiale Oesfees-versamelaarswyn, wildsbokke, Tjoppie die skaap, hoenders

**Tradisionele stalletjies:** Pap-en-kaiings, spesiale resep lewerkoekies – beste in die Noordweste!
**Ander stalletjies:** Nagereg, pannekoek, vetkoek, oliebolle, worsbroodjies, sosaties, kerrie-en-rys, lekkergoed, koeldrank, koffie…
*Plaasstalletjie* met handwerk en plaasprodukte
*Mannetafel* met handgemaakte items
*Vleistafel:* Kwaliteit beesvleis teen uiters billike pryse: wors, maalvleis, kookvleis, lekkerste Russiese wors in Suid-Afrika
*Koektafel* met tuisgebakte koeke, beskuit, terte, klein koekies en meer
**Kompetisie met pryse, kaartjies @ R20**
1ste prys: R20 000
2de prys: Wegbreek van 7dae in die Bosveld vir 12 mense by Mukuyu-wildsplaas naby Bela-Bela
3de prys: R5 000
4de prys: Juweliersware ter waarde van R4 000
5de prys: Geskenkbewys by Oupa's Biltong van R1 500
6de prys: GROOT verrassing
Kaartfasiliteite beskikbaar
Kontak Dave Oosthuizen by 083 311 2962




- **Rata Maatskaplike Dienste**, een van die NWO's verbonde aan die NHKA, hou jaarliks 'n **gholfdag** om broodnodige fondse aan te vul. Vanjaar word dit op **22 Augustus by Silver Lakes Golf and Wildlife Estate** gehou. Ons vra vir ondersteuning in die vorm van **vierbal-inskrywings, borgskappe en pryse**. Enige hulp word opreg waardeer. Begroot solank nou, kry jul spanne bymekaar en gaan loer na die witolifante wat as pryse kan dien. Dink ook asseblief aan kennisse en kontakte wat mag belangstel om hande te neem met ons en kinderbeskerming te ondersteun. **Inskrywingsvorms, borgskapvorms en meer inligting** kan aangevra word van Charmaine Fourie by **charmaine@rata.org.za** of 071 684 7796.

  **Maandelikse bydraes** van enige bedrag help ons ook baie. Voltooi asseblief ons **donasievorm** by **http://rata.org.za/debit-order** of gaan na ons tuisblad **www.rata.org.za** en dan na DONATE. Alle bydraes word opreg waardeer. Rata Maatskaplike Dienste is gebore uit die NHKA en werk deur die jare onverpoosd voort om kinders uit haglike omstandighede te red en aan hulle die nodige beskerming en statutêre dienste te bied, asook om die kritieke pad na heelwording saam met hulle te stap. Die koste daarvan beloop **ongeveer R10 000 per jaar per kind**. Rata help meer as 1 000 kinders per jaar – kinders wat in omstandighede van mishandeling, verwaarlosing en selfs situasies van kinderhandel vasgevang is.

- **Oornagfasiliteite: Seniordal.** Seniordal beskik oor oornagfasiliteite vir persone wat vergaderings of kongresse moet bywoon, of wat dokters moet besoek, of verblyf benodig vir familie van persone wat in die hospitaal is. Daar is veilige parkering en 24-uur-sekuriteit. **Vir navrae oor tariewe en vir besprekings**, kontak Salomie Stolz gedurende kantoorure 08:00-12:00 by 012 329 4318, of na ure by 083 308 0520.

## Studentesake

- **Studentebehuising. Gemeente Stellenbosch** kan veilige behuising op die kerkterrein en op die kampus aan studente verskaf. Dit bestaan uit óf enkelkamers met gedeelde fasiliteite, óf eenmenswoonstelle. Skakel dr Chris le Roux by 079 495 3239 of stuur 'n e-pos na **stellenbosch@nhk.co.za** vir meer inligting.

- **Studentebehuising. Gemeente Philadelphia** verskaf aan studente veilige behuising by Fleur de Lis op die kerkterrein. Dit bestaan uit enkelkamers met gedeelde fasiliteite. Die behuising is binne stapafstand van die kampus en winkelsentrums. Skakel dr Sanrie de Beer by 083 226 1866 of stuur 'n e-pos na **nhkphiladelphia@gmail.com** vir meer inligting.

## Betaalde advertensies in hierdie nuusbrief

**Advertensies waarvan ’n private individu of instansie die begunstigde is, of waarin ’n gemeente ’n projek prominent wil bekendstel, kan in hierdie nuusbrief geplaas word.** *(Tekskennisgewings van gemeentes is gratis.)* Indien ’n jpg-weergawe van die advertensie voorsien word, **moet dit 15,5 cm breed x 6,5 cm hoog wees, resolusie 1878 x 815 pixels, 150-300 dpi.**

Stuur die voorgestelde **teks van nie meer nie as 75 woorde** met of sonder eenvoudige grafika of ’n foto saam met die bewys van betaling aan mev Tessa Oppermann, per e-pos na **produksie@nhk.co.za**. GEEN advertensie sal geplaas word sonder die betalingsbewys nie.

Die **teks en bewys van betaling** moet mev Oppermann bereik teen 16:00 op die Maandag voor die betrokke uitgawe se verskyning. *Blitspos* word normaalweg die Woensdagoggend afgehandel en teen die middag op die webblad gelaai. Indien die plasing meer as een keer moet geskied, moet aangedui word op watter datums dit moet verskyn, met betaling vooruit vir al die beoogde plasings.

**Die koste is R250 per plasing (BTW ingesluit)**. Die verskuldigde bedrag moet uitgemaak word aan die Raad van Finansies, ABSA tjekrekening nommer 020-000-287, takkode 632-005, **verwysing: u naam + Blitspos. Neem kennis dat die redaksie in uitsonderlike gevalle mag besluit om ’n advertensie nie te plaas nie en die adverteerder se geld terug te betaal.**



## Gebed vir die week

O Heilige Gees,
U wat die chaos van Babel omskep het
in die harmonie van Pinkster,
ons bid dat U al die teenstrydige dele
van u liggaam
bymekaar sal bring en sal verenig,
sodat die wêreld wat toekyk
die Een wat alle dinge bymekaar hou,
kan sien
en in U kan glo.
Amen.

artspastor.blogspot.com

(Afrikaanse verwerking: Tessa Oppermann)

Redakteur: Dr Johan van Staden
Subredakteurs: Ds Etienne Fourie en dr Annelie Botha
Koördineerder: Mev Tessa Oppermann
Uitlegkunstenaar: Mnr Hugo van NIekerk